

Klassifikasie van Materie, Fases, Die Atoom

November 2018

1.1 Watter EEN van die volgende stowwe is NIE 'n suiwer stof NIE?

- A Yster
- B Suiker
- C Staal
- D Grafiet

(2)

VRAAG 2 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Die diagram hieronder toon drie verskillende stowwe, P, Q and R.

STOF P		STOF Q		STOF R	
SLEUTEL					
	Waterstof		Chloor		
	Suurstof		Swawel		
	Natrium		Yster		

2.1 Definieer die term *element*.

(2)

Gebruik die diagram en die sleutel wat verskaf is om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.2 Skryf 'n LETTER neer wat die volgende verteenwoordig:

2.2.1 Suiwer stof

(1)

2.2.2 Homogene mengsel

(1)

2.2.3 Heterogene mengsel

(1)

2.3 Dui aan of die suiwer stof wat in VRAAG 2.2.1 geïdentifiseer is, 'n element of 'n verbinding is.

(1)

2.4 Watter fisiese metode sou jy gebruik om stof Q in sy komponente te skei?

(1)

2.5 Skryf die fisiese eienskap neer waarop die skeidingstegnieke gebaseer is om die volgende stowwe in hul individuele komponente te skei:

2.5.1 Q

(1)

2.5.2 R

(1)

[9]

Klassifikasie van Materie

November 2017

1.1 Lug kan as 'n ... geklassifiseer word.

A element

B verbinding

C homogene mengsel

D heterogene mengsel

(2)

Klassifikasie van Materie

November 2016

VRAAG 2 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Die meeste stowwe wat ons in ons daaglikse lewens gebruik, is óf suiwer stowwe óf mengsels.

2.1 Definieer die term *suiwer stof*.

(1)

2.2 Voltooi die tabel hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.4) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

MATERIAAL	ELEMENT/VERBINDING/MENGSEL	REDE
Diamant	2.2.1	2.2.2
Lug	2.2.3	2.2.4

(4)

2.3 Verduidelik waarom potte en panne van metaal gemaak word, maar die handvatsels word van plastiek of hout gemaak.

(2)

2.4 Skryf die chemiese formule van die volgende verbindings neer:

2.4.1 Tafelsout

(2)

2.4.2 Kalsiumhidroksied

(2)

[11]

Klassifikasie van Materie, Fases, Die Atoom

November 2015

1.3 Watter EEN van die volgende is 'n mengsel?

- A Lug
- B 'n Diamant
- C Gedistilleerde water
- D Natriumchloried

(2)

VRAAG 2 (Begin op 'n nuwe bladsy.)


Die stowwe in die tabel hieronder is aan graad 10-leerders gegee.

geelkoper	sand	suurstofgas	suiker	koolstofdiksied
koper	suiwer lug	soutoplossing	tafelsout	magnesiumoksied

2.1 Uit die tabel hierbo, skryf neer:

- 2.1.1 'n Element (1)
- 2.1.2 'n Homogene mengsel (1)
- 2.1.3 'n Diatomiese gas (1)
- 2.1.4 'n Verbinding wat by 25 °C 'n vaste stof is (1)
- 2.1.5 'n Heterogene mengsel (1)

2.2 Die leerders voer 'n eksperiment uit om 'n mengsel van sand en suiker te skei. Die eksperiment word in drie stappe gedoen, soos in die diagramme hieronder getoon.



2.2.1 Skryf neer die naam van:

- (a) Die proses wat in **stap 2** geïllustreer word (1)
- (b) Die proses wat in **stap 3** geïllustreer word (1)
- (c) Vaste stof X (1)
- (d) Mengsel Y (1)

2.2.2 Is **stap 3** 'n CHEMIESE of FISIIESE proses? Gee 'n rede vir die antwoord.

(2)
[11]